



**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I**

Tyd: 2½ uur

100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:  
  
Afdeling A Leesbegrip (30 punte)  
Afdeling B Opsomming (10 punte)  
Afdeling C Poësie (30 punte)  
Afdeling D Kommunikatiewe taal (30 punte)
  3. Beantwoord al die vrae.
  4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
  5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
  6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
  7. **ALLE** vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
  8. Handig asseblief hierdie vraestel in.
-

## AFDELING A LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die volgende teks noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

#### JONG TALENT: Meubelontwerper en argitek, Jan Douglas



- 1 Hy was as kind lief om Tinkertoy en Lego te bou. Nou maak Jan Douglas sy eie meubels wat groot nuus in ontwerperskringe is.
- 2 *Kantelknaap, Boetman, Die Melkman, Die Oom ...* Nee, dis nie inwoners van 'n plattelandse dorpie nie, maar wel van die name van Jan Douglas se handgemaakte meubels uit sy meubelreeks 'Africana Familia'.
- 3 Jan is vroeër vanjaar gekies om sy reeks meubels by die gesogte *Design Indaba-ekspo* uit te stal – 'n groot gebeurtenis op Suid-Afrika se ontwerperskalender. Hy was een van 'n groepie opkomende ontwerpers wat volle borgskap by die Departement van Kuns en Kultuur gekry het om sy kreatiewe werk uit te stal. Sedert dié uitstalling kon hy nie voorbly met bestellings nie.
- 4 "Ek het ingeskryf, die stalletjie gewen en al die blootstelling gekry. Skielik bel tot binnehuisversierders in Pietermaritzburg my. Dit laat my sommer baie goed voel," vertel 'n rustige Jan.
- 5 Tog is dié Pretorianer eintlik heelyds argitek. Hy het in 2002 'n graad in argitektuur aan die Universiteit van Pretoria verwerf en werk deesdae by KLG Architects in Rondebosch, Kaapstad.
- 6 "Meubelontwerp is iets wat ek baie geniet. Dis baie dieselfde as argitektuur, maar op 'n kleiner skaal. Dis vir my bevredigend om iets te kan doen waar ek sowel die ontwerper as die vervaardiger en tussenganger is."
- 7 **Hoe het die meubelfamilie ontstaan?**
- 8 "Ek en my meisie, Liani van der Westhuizen (ook 'n argitek), was vir twee jaar in Londen en toe ons einde 2010 teruggekom het, het ek nie vir haar 'n Kersgeskenk gehad nie. Ek moes vinnig iets aanmekaar timmer en toe het ek die *Kantelknaap* gemaak: 'n bed-en-leeslamp. Toe sien my vriende dit en almal wou iets hê ..."
- 9 Hierna het hy begin meubels maak as verjaardag- en trougeskenke en so het die meubelfamilie uitgebrei.
- 10 Elke meubelstuk neem amper sy eie persoonlikheid aan. Die meeste name word afgelei van hoe die meubelstuk lyk en gebruik word. Die *kantelknaap* lyk soos 'n knapie, m.a.w. 'n jong seun wat sy kop skuins draai (kantel). Die leesskerm is sy kop en 'n mens kan die kop draai sodat die lig op 'n spesifieke plek kan skyn. Daarom het hy die bed-en-leeslamp 'n *kantelknaap* genoem.

- 11 Nadat Jan die meubelstuk ontwerp en 'n prototipe daarvan gemaak het, gee hy die prototipe oor aan 'n skrynerker, Baster Tinsley, by wie hy houtwerkklasse geneem het. Baster help dan met die produksie van die meubels wat van verskeie soorte hout gemaak word.
- 12 Behalwe sy stokperdjie as meubelontwerper, hou Jan ook daarvan om te lees en te reis.
- 13 "Ek en Liani is in Desember saam Argentinië toe en wat 'n wonderlike ervaring was dit tog! Ons is nog lank nie uitgereis nie en daar's hopelik nog 'n reis op die horison – miskien Tokio toe."
- 14 Jan is op sy gelukkigste as hy iets maak waarmee hy tevrede is en as ander mense dit koop en ook geniet.
- 15 "Ek's gelukkig met my lewe. Ek het die geleentheid om unieke meubels te maak en om myself aan die lewe te kan hou. Ek hoef nie my passie prys te gee nie. Dit is my doel."



- 16 **Vir wie wil jy graag 'n meubelstuk ontwerp en wat sal dit wees?**
- 17 'n Skrywerslessenaar vir die skrywer RR Ryger. Miskien kan dit deur osmose in 'n karakter in een van sy boeke ontaard.

[Uit: *Rapport*, 30 Junie 2012]

- 1.1 Met watter twee speelgoed het Jan Douglas baie as kind gespeel? (1)
- 1.2 Kyk na die prentjies van die speelgoed op bladsy 1. Wat **doen** 'n mens met hierdie speelgoed? (1)
- 1.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en gee 'n rede vir jou antwoord: *Die Melkman* en *Die Oom* is regte mense wat bestaan. (2)
- 1.4 Wat is Jan Douglas se eintlike beroep? (1)
- 1.5 Waar het die publiek en ander ontwerpers Jan Douglas se handgemaakte meubels die eerste keer gesien? (1)
- 1.6 Haal 'n woord uit paragraaf 15 aan wat aandui dat Jan 'n liefde vir die ontwerp van meubels het. (1)
- 1.7 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en **haal** 'n rede vir jou antwoord uit die leesstuk **aan**: (2)

Jan Douglas het in Kaapstad grootgeword. (2)

- 1.8 1.8.1 Op watter manier is meubelontwerp en argitektuur dieselfde? (1)
- 1.8.2 Hoe, volgens die teks, verskil meubelontwerp en argitektuur van mekaar? (1)
- 1.9 1.9.1 Verduidelik hoekom Jan Douglas sy **eerste *Kantelknaap*** gemaak het. (1)
- 1.9.2 Wat is 'n *kantelknaap*? (1)
- 1.10 Vir watter geleentheid het Jan Douglas hierna begin meubels maak? (1)
- 1.11 Hoe verskil die *Kantelmeester* van die *Kantelknaap*? (1)
- 1.12 Noem twee ander dinge wat Jan Douglas graag doen. (1)
- [16]

## VRAAG 2

Bestudeer die advertensie hieronder noukeurig en beantwoord dan die vrae wat volg:

[Uit: *Die Burger*, 29 Junie 2012]

- 2.1 Wat word deur die woorde "Los die rusbank" in die opskrif gesuggereer? (1)
- 2.2 Vul in: *Computicket* verskaf \_\_\_\_\_ (een woord) aan mense wat byvoorbeeld 'n filmvertoning wil sien. (1)
- 2.3 Watter **drie opeenvolgende woorde** dui aan dat *Computicket* se diens dit baie maklik maak om 'n kaartjie te kry? (1)
- 2.4 Watter twee elektroniese middels kan gebruik word om *Computicket* se toepassing af te laai? **Haal slegs drie agtereenvolgende woorde** uit die advertensie **aan** as antwoord. (2)
- 2.5 Hoe kan 'n mens die kaartjies kry sonder om fisies na een van bogenoemde winkels toe te gaan? (1)
- [6]



### VRAAG 3

Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



[Uit: Die Burger]

- 3.1 Waaraan is dit duidelik dat die hond lus is vir die kos? Gee twee redes. (2)
  - 3.2 Noem twee items uit die prent hierbo wat 'n mens nodig het om 'n vuur te maak. (2)
  - 3.3 Waarvan is dit duidelik dat die mans se aandag nie by die vleisbraai is nie? Gee twee redes. (2)
  - 3.4 In watter deel van die huis was die vrouens waarskynlik besig terwyl die mans buite gesit het? (1)
  - 3.5 Die woorde van die vrou dui op verbasing. Waaroor is die spreker verbaas? (1)
- [8]**

**30 punte**

## **AFDELING B OPSOMMING**

### **VRAAG 4**


#### **Veiligheidsmaatreëls**

**'n Lugwaardin verduidelik die veiligheidsmaatreëls aan die passasiers op 'n vliegtuig voordat die vlug vertrek.**

- **Som slegs die 5 veiligheidsmaatreëls op wat sy gedurende haar gesprek oor die interkom aan die passasiers opnoem.**
- **Die veiligheidsmaatreëls moet puntsgewys in 5 volsinne en 70 woorde neergeskryf word.**
- **Jy mag gebruik maak van voegwoorde om jou sinne te formuleer.**

#### **ONTHOU:**

- **Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.**
- **Moenie sinne direk uit die teks aanhaal nie.**
- **Beplan eers jou opsomming, maar trek dan 'n streep deur jou beplanning.**
- **Jy sal geenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.**



*"Goeiemôre, Dames en Here. Welkom aan boord vlug AJ80 vanaf Johannesburg na Madagaskar. Ons is van plan om julle tyd saam met ons so genotvol en veilig moontlik te maak. Voordat ons verder gaan, moet ons julle aandag op die veiligheidsmaatreëls vestig:*

*Maak julle sitplekgordels stewig vas soos die bemanning nou aan julle demonstreer. Julle moet dit vir die duur van die vlug vasgemaak hou. Dit sal julle veiligheid gedurende onstuimige weer verseker.*

*In geval van 'n noodlanding is dit belangrik dat jy bewus is van waar die nooduitgang naaste aan jou sitplek is. Daar is ses uitgange: twee voor in die vliegtuig, twee langs die vlerke en twee agter in die vliegtuig.*

*Indien die lugdruk in die kajuit skielik daal, sal die suurstofmaskers ontplooi word. Moenie paniekbevange raak nie. Trek die masker nader en plaas dit oor jou gesig. Haal dan normaalweg asem.*

*As die vliegtuig 'n noodlanding oor die see moet maak, moet jy jou reddingsbaadjie wat onder jou sitplek is, aantrek. Plaas die baadjie oor jou kop en maak die gordel styf vas.*

*Die kans dat ons wel 'n noodlanding sal moet uitvoer, is skraal, maar ingeval ons wel 'n noodlanding moet maak, moet jy die vereiste veiligheidsposisie inneem. Buig vooroor en plaas jou kop op jou knieë. Vou dan jou hande agter jou kop saam.*

*Weer eens baie dankie dat julle ons lugredery gekies het. Ons wens julle 'n aangename vlug toe."*

**10 punte**

**AFDELING C POËSIE**

**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Talle tonge – Matthews Phosa**

- 1 Talle tonge het ek  
2 een tong op 'n gegewe oomblik
- 3 'n heuningtong  
4 'n bitter tong  
5 'n tong stomp  
6 genoeg om te swyg
- 7 my skerp tong klap  
8 klap soos 'n sweep  
9 en keep diep en laat bloei
- 10 my suur tong brand  
11 brand soos asyn  
12 en laat krimp inmekaar en skend
- 13 Talle tonge het ek  
14 een tong op 'n gegewe oomblik  
15 'n tong om te sny  
16 'n tong om te salf  
17 Ek het talle tonge



[Uit: *Die Burger*, 6 Julie 2012]

- 5.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Gee 'n rede uit die gedig om jou antwoord te motiveer:

Die spreker praat met baie tonge op dieselfde tyd. (2)

- 5.2 5.2.1 Wanneer maak 'n mens gebruik van 'n 'heuningtong'? (reël 3) (1)

5.2.2 'n 'Bitter tong' (reël 4) sal in kontras met 'n heuningtong staan. Wat sal 'n 'bitter tong' moontlik sê? (1)



- 5.3 Kies die korrekte antwoord en skryf die vraagnommer en die letter in jou antwoordboek neer:
- Die woord 'swyg' in reël 6 beteken om ...
- A seer te maak.  
B stil te bly.  
C vrede te maak.  
D kwaad te word. (1)
- 5.4 Verskaf 'n (5.4.1) **positiewe** en 'n (5.4.2) **negatiewe** betekenis van die 'stomp tong' in reël 5. (2)
- 5.5 Die 'skerp' tong 'laat bloei'. Watter **twee opeenvolgende woorde** (nie 'skerp tong' nie) uit die gedig omskryf die idee dat die tong mense seermaak? (1)
- 5.6 Verduidelik waarom 'Ek' in die laaste strofe met 'n hoofletter geskryf word. (1)
- 5.7 Die spreker wil die leser bewus maak van die mag/krag wat woorde het. Noem **een manier** waarop woorde mag het. (1)
- [10]

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

### Selfportret – Herman Lintvelt

- 1 Hy sit en dink  
2 (hy is 15 jaar)  
3 waarom hy moet skryf.  
4 Miskien moet hy kyk  
5 in 'n spieël hoe hy lyk:  
6 die bril  
7 (met vingermerke bevat)  
8 sy hande  
9 (die van iemand wat handewerk ken)  
10 verby sy deurmekaar hare ...  
11 na iemand wat hy nog ten volle moet ontdek.
- 12 Op skool 'n A-kandidaat  
13 (Op sy rapport staan:  
14 "hulpvaardig en pligsgetrou")  
15 Tog kla hulle: "Skryf tog leesbaar!"
- 16 Atletiek, rugby, krieket –  
17 dis nie sy gebied.  
18 Hy sal eerder  
19 (as die tyd dit toelaat)  
20 voor die rekenaar gaan sit.
- 21 En hy sit nou en peins ...  
22 oor wat hy, oor homself  
23 as 'n selfportret kan skryf.



- 6.1 Die titel van die gedig verwys na 'n seun se beskrywing van homself. Waarna verwys 'n selfportret egter gewoonlik? (1)
- 6.2 6.2.1 Die seun kan nie aan iets dink om oor homself neer te skryf nie. Wat doen hy dan? (1)
- 6.2.2 Waarom help dit hom regtig nie? (1)
- 6.3 Onderwysers se kommentaar op 'n rapport sê soms baie oor watter soort mens iemand is. Haal telkens die **woord/frase** aan wat na die volgende karaktertrekke van die seun verwys:
- 6.3.1 Hy doen **altyd** sy werk. (Een woord) (1)
- 6.3.2 Hy doen baie goed in **al** sy skoolvakke. (1)
- 6.4 Op 15-jarige ouderdom weet 'n mens nog nie heeltemal wie jy is nie. **Haal die versreël aan** wat hierdie stelling bewys. (1)
- 6.5 Haal 'n versreël aan wat aandui dat hy nie in sport presteer het nie. (1)
- 6.6 Wat kan sy onderwysers soms nie 'duidelik' lees nie? (1)
- 6.7 **Haal die versreël aan** wat bewys dat die seun 'n baie vol program het. (1)
- 6.8 Verduidelik in **jou eie woorde** wat die woord '**peins**' beteken. (1)
- [10]

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

### Things that go bump in the night – Rosa Keet

1 jy los my alleen  
2 in 'n huis vol geluide  
3 en hoe minder ek probeer luister  
4 hoe harder klink die klank  
5 van 'n onbekende voetstap  
6 op die donker trap  
7 bang vaak verdwaal ek laat  
8 in die gange op soek  
9 na slaap  
10 wat om elke naghoek verdwyn  
11 ek skrik  
12 vir die naaldekokerstraatlig  
13 deur skaars bewegende blare  
14 jou jas aan die kapstok  
15 is 'n man sonder bene  
16 ek is bang  
17 vir die stofsuierslang  
18 op die vloer van die spens  
19 en tot jy terugkom  
20 sleep ek my vrees  
21 soos 'n kis agter my aan

- 7.1 Wie, dink jy, is die 'jy' van wie in reël 1 gepraat word? (1)
- 7.2 Hoekom probeer die spreker minder luister? (reël 3) (1)
- 7.3 7.3.1 Watter geluid hoor die spreker in die huis? (1)
- 7.3.2 Hoe laat hierdie geluid die spreker voel? **Haal een woord** uit die gedig as antwoord **aan**. (1)
- 7.4 Die spreker is alleen in die huis en raak vreesbevange. Is die spreker se lewe werklik in gevaar? Verduidelik. (2)
- 7.5 **Haal twee opeenvolgende woorde** uit die gedig **aan** wat aandui dat die spreker graag wil slaap. (1)
- 7.6 Verduidelik waarom die spreker in reëls 12 – 15 skrik vir
- 7.6.1 die straatlig (1)
- 7.6.2 die jas (1)
- 7.7 Kies slegs die korrekte antwoord en skryf die letter neer:
- 'sleep ek my vrees/soos 'n kis agter my aan' (reëls 20 – 21) is 'n voorbeeld van ...
- A alliterasie.  
B metafoor.  
C vergelyking.  
D onomatopoeie.

(1)  
[10]

30 punte

**AFDELING D      KOMMUNIKATIEWE TAAL**

**VRAAG 8      SINSTRUKTURE**

Herskryf die sinne soos aangedui.

8.1 Plant somerblomme laat in die herfs sodat jy 'n kleurvolle tuin het.

**Plant somerblomme laat in die herfs om ...** (1)

8.2 Dit sneeu gedurende die winter baie in Europa.

**In die verlede ...** (1)

8.3 Dit is 'n baie koue winter. Almal geniet dit om die sneeu te sien.

**Al ...** (1)

**Die vier seisoene – lente, somer, herfs, winter**

Die twee prente hieronder beeld die vier seisoene van die jaar uit. Een stel prente beeld die seisoene grafies uit en die ander beeld 'n kêrel en sy meisie in elke seisoen in foto's uit. Die taalvrae is losweg op hierdie prente gebaseer:



8.4 In die winter stap die seun deur die sneeu en hy dra sy meisie op sy rug.

**In die winter stap die seun deur die sneeu terwyl ...** (1)

8.5 Die weervoorspeller sê: "Môre sal die temperatuur baie daal."

**Die weervoorspeller sê dat ...** (1)

- 8.6 Die twee jongmense het warm klere aangetrek. Hulle stap in die sneeu.  
**Die twee jongmense wat ...** (1)
- 8.7 Almal moet warm klere vir die winter hê.  
**Almal behoort ...** (1)
- 8.8 Die kinders bestudeer elke dag die weervoorspellings.  
**Die weervoorspellings ...** (1)
- 8.9 Die seisoen is herfs. Dis 'n matige dag buite.  
**Die seisoen is herfs; dus ...** (1)
- 8.10 Het jy al ooit 'n vuur in die kaggel gemaak?  
**Nee, ...** (1)
- 8.11 Dit is baie warm in Suid-Afrika.  
**Môre ...** (1)
- 8.12 Pluk in die somer baie blomme, dan kan jy dit in 'n blompot sit.  
**Pluk in die somer baie blomme sodat ...** (1)
- [12]



## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE



Lees die volgende paragraaf deur wat op die prent hierbo gebaseer is. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordskrif neer.

In die prent sien ons die grys geboue van een van die groot **(9.1 stad – gee die meervoud)** in die wêreld. In só 'n stad is baie **(9.2 hoog – gee die korrekte vorm van die woord)** geboue en strate wat nogal breed is. Volgens die **(9.3 horloosie/hoorlosie/horlosie – kies die korrekte spelling)** is dit **(9.4 14h45 – skryf die tyd uit)** in die middag. Die man het 'n hoed op sy kop en hy dra 'n **(9.5 glasses – gee die Afrikaanse woord)**.

Iemand het die nooddienste geskakel, maar dit gaan **(9.6 14 – skryf uit)** minute neem om daar te kom.

Die **(9.7 hang – gee die teenwoordige deelwoord)** man lyk **(9.8 baie bang – gee die intensiewe vorm)**. Dit is in werklikheid die **(9.9 bang – gee die oortreffende trap)** wat hy nog ooit was. Die mense onder op die sypaadjie lyk soos klein **(9.10 miere – gee die korrekte vorm van die woord)** en die motors lyk **(9.11 baie oud – gee die intensiewe vorm)**. Hierdie man het **(9.12 help/hulp – kies die korrekte woord)** dringend nodig.

Hy was besig om **(9.13 duif – gee die meervoud)** op die vensterbank kos te gee toe sy voet gegly en hy buitentoe geval het. Hy moes nie **(9.14 aan/op/langs – kies die korrekte voorsetsel)** die vensterbank gestaan het nie. Is dit net in die **(9.15 VSA – skryf die afkorting uit)** dat dit kan gebeur? Ek **(9.16 belowe/glo – kies die korrekte woord)** nie so nie!

[16 ÷ 2 = 8]

**VRAAG 10                   KOMMUNIKASIE**

**Elke prentjie hieronder beeld 'n ander situasie uit. Bestudeer die liggaamshoudings, gesigsuitdrukkings en gebare van die karakters. Voer dan die instruksies by die vrae uit.**

10.1




10.2



10.3



10.4



10.5



Elke respons moet 15 – 20 woorde lank wees. Jy kan een of twee sinne by elke respons skryf:

- 10.1 Jy is die strooijonker/strooimeisie by jou beste vriend se troue. Jy moet nou 'n **heildronk op die wonderlike bruidspaar** instel. Wat sal jy sê om 'n heildronk in te stel en hulle geluk te wens? (2)
- 10.2 Jy het 'n verkoue en voel te siek om werk toe te gaan. Jy **voel sleg en jou gewete pla jou** daarvoor, want daar is baie werk om te doen. Skryf neer wat jy vir jou werkgewer sal sê as hy jou per telefoon skakel om te vra waar jy is. (2)
- 10.3 Jy het so pas 'n ongeluk gemaak. Die motor is baie beskadig. Jy voel baie **verlig** dat jy nie seergekry het nie en jy bel iemand om jou te kom haal. Wat sal jy oor die telefoon sê? (2)
- 10.4 Jou hond bring vir jou sy kosbak, maar jy is besig om skottelgoed te was. Jy is **geïrriteerd**, want jy het 'n uur gelede die hond kosgegee. Wat sal jy vir die hond sê? (2)
- 10.5 Jou vriend het sonder 'n valhelm op sy motorfiets gery. Jy is **bekommerd** dat hy sal val en seerkry en wil hom oorreed om sy valhelm te dra. Wat sê jy vir hom? (2)
- [10]

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**